NG Kerk
Vrystaat

**Besluit van die Buitengewone Sinodesitting, 18 April 2023**

Die NG Kerk Vrystaat besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode (AS) van Oktober 2023 in gesprek te tree, en

1. haar standpunt ten opsigte van die Skrif en ons belydenisgrondslag as 'n gereformeerde kerkverband (soos gestel in besluite van die Sinode in Maart 2022) aan die AS deur te gee;
2. haar standpunt t.o.v. sake soos in die genoemde beskrywingspunte van Maart 2022 geopper – die huwelik, selfdegeslagverbintenisse, menslike seksualiteit, die Bose en teologiese opleiding – by wyse van 'n beskrywingspunt aan die AS oor te dra;
3. in die lig van hierdie standpunte van die NG Kerk Vrystaat die AS te versoek om genoemde ter saaklike besluite van 2019 en vroeër in heroorweging te neem;
4. binne die ruimte van die Kerkorde opnuut haar verhouding met die AS uit te klaar en dié te versoek om oor die toekomstige funksionering van ons kerkverband te besin;
5. verstaan dat daar Vrystaatse gemeentes is wat nie hul weg oop sien om verder met die teologiese standpuntstelling van die AS geassosieer te word nie, en onderneem om – indien pogings soos hierbo nie na bevrediging slaag nie – met dié gemeentes welwillend op weg te gaan ten einde hul op kerkordelike wyse toe te laat om dan uit verband met die NG Kerk Vrystaat te tree.